AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

# *Klerk:* DEBITEURE

PRETORIA

Akademia is ŉ Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het tans twee poste vir ŉ klerk: Debiteure in die Finansies-afdeling beskikbaar. Die pos sal in Centurion gesetel wees.

## POSDOELSTELLING

Die klerk: Debiteure is verantwoordelik vir die instelling se algemene debiteuretransaksies in te vorder, agterstallige rekeninge te moniteer en effektiewe kommunikasie met studente of hul finansiële borge rakende fooie en betalingsplanne te fasiliteer. Daar sal ook van die posbekleër verwag word om gedetailleerde finansiële verslae saam te stel, noue samewerking met interne spanne te handhaaf en voldoening aan wetlike en Akademia beleide te verseker.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- Om verantwoordelikheid te neem vir die tydige invordering van debiteurerekeninge
- Om te verseker dat alle relevante dokumentasie uitgereik en geprosesseer word
- Om studente se debiteurerekeninge te monitor en bestuur
- Om die volgende finansiële take te handhaaf: fakturering, rekonsiliasie van debiteurerekeninge, bankrekonsiliasies, uitreik van kredietnotas en skryf van joernale
- Om betalings ontvang akkuraat aan te teken en terugbetalings en aanpassings te verwerk
- Om professionele kliëntediens en navrae te handhaaf

## POSVEREISTES

- Matrieksertifikaat (Nasionale Senior Sertifikaat) (NKR-vlak 4)
- ŉ Relevante graad sal in die kandidaat se guns tel
- Drie jaar ondervinding in administrasie
- Vorige ervaring as debiteureklerk asook ervaring in Pastel sal in die kandidaat se guns tel

## VAARDIGHEDE

- Goeie rekenaar- en kommunikasievaardighede
- Sterk etiese ingesteldheid en vermoë om met vertroulike inligting te kan werk
- Handhawing van goeie menseverhoudinge en effektiewe emosionele intelligensie
- Goeie organiserings- en prioritiseringsvermoë
- Sterk vermoë om aandag aan detail te handhaaf
- Deursettingsvermoë, die vermoë om onder hoë druk te funksioneer
- Aanpasbaarheid en ŉ positiewe ingesteldheid, dryfkrag, motivering en inisiatief; vermoë om onafhanklik en binne ŉ span te werk

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen. Slegs Afrikaanse CV's sal aanvaar word. Aansoeke moet voor of op 18 Augustus 2025 ingedien word. Stuur ŉ e-pos met jou Afrikaanse CV na personeelnavrae@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.**

Akademia behou die reg voor om nie ŉ aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.